

Bronnie
Die The Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

gratis/free

Augustus/August 2024 Vol.22 No.12

info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522

***Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos***

## Binne / Inside:


- Pretpark verrys op Tierpoort – bl 6
- 'Giftige' gasreuk ondersoek – bl 10
- Raakgesien deur generaal – bl 24
- Plaasmoord-verdagte in hof – bl 8
- Ons volg die Marais-spoor – bl 17
- Fear of people's opinions – p 30


V-Tek
Service Centre
MAX A/C
AUTO REPAIR & MAINTENANCE
Services Offered
Routine Maintenance Services
Oil changes
Major Services
Wheel alignments
Brake inspections and repairs
Battery checks and replacements
Transmission services
Tyre rotations
Air conditioning services
Repair and Replacement Services
Engine repairs and replacements
Transmission repairs and replacements
Suspension and steering repairs
Electrical system repairs
Exhaust system repairs and replacements
Interior upholstery
DPF regeneration
Complete Diagnostic Services
Computerized engine analysis
Airbag System diagnostics & repairs
Fuel system diagnostics
Electrical system diagnostics
Fault code reports
Schedule an appointment:
012 803 4021 / 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance & repairs!
www.vtekservicecentre.my.canva.site/
012 803 4021
50 Graham Road, Shere
Pretoria East
RMI
miwa


RAYTON H/v R515 & R104, Jan Ellis Winkelsentrum
MORELETAPARK De Villebois Mareuilstraat 1267
012 940 0511
www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za
Water Pump Group
sustainable reliable solutions
PROUDLY SOUTH AFRICAN
Professionele en omvattende watervoorsiening
• BOORGATPOMPE • SONKRAGPOMPE • DRUKPOMPE
• VSD POMPE • DOMPELPOMPE • BESPROEIINGS TOEBEHORE
• TENKS • VERVAARDIGING VAN HDPE & LDPE PYPE
• BOORGAT TOETS EN INSTALLASIES • EN ANDER WATER TOEBEHORE
Besoek ons winkels vir al jou benodighede en professionele diens.
INYATI DRILLING
INYATI DRILLING
VOORDELE VAN ONS BOORWERK DIENSTE:
Inyati Drilling & Mining lei in gevorderde wateroplossings en lewer kundige boordienste vir mynbou, konstruksie en geologie. Ons reeks sluit in waterput boor, geotegniese ondersoeke, en meer, wat doeltreffende, hoë kwaliteit resultate vir elke projek verseker. Met 'n fokus op spanwerk en uitstaande diens, is ons 'n betroubare naam regoor Afrika.
BOREHOLE DRILLING
Access to groundwater
Geological investigations
Construction applications
SYMMETRICAL DRILLING
Structural integrity
Aesthetic appeal
Manufacturing efficiency
DIAMOND CORE DRILLING
Accurate sampling
Exploring efficiency
Resource evaluation
BOREHOLE FLUSHING | CLEANING
Borehole maintenance
Prevention of contamination
Equipment longevity
REVERSE CIRCULATION DRILLING
Sample recovery
Environmental benefits
Exploration cost-effectiveness
GEOPHYSICAL SURVEY
High-Resolution Mapping
Compliance and Safety
Rapid Surveying
ODEX DRILLING
Versatility
Efficiency
Reduced environmental impact
012 940 0507
sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za

Bronnie Bronberger
Augustus/August 2024
012 734 0522 / www.bronberger.co.za



• Redaksie •
Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016

## Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Besoek www.bronberger.co.za.



Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za



Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit


**Uitgegee deur:** Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Tel: 012 734 0522

**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.

**Bladuitleg**
Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za
Vintage Graphic Designs








## Puik gedoen

**Hendrik Opperman van Witpoort:**
Dankie vir die volledige berig oor die plaasaanval by ons op Witpoort by Henopper Melkery op 4 Julie. Dis absoluut puik gedoen en die hele samelewing in die verspreidingsgebied van die Bronnie het ons op die hande gedra deur die moeilike tyd wat ná die aanval gevolg het.
Ek wil die veiligheidsgroepe in ons omgewing en bure en vriende se onmiddellike aksie bedank. Dankie vir die vinnige en flinke reëlings om Netcare 911 uit te kry op die toneel om ons te kom bystaan.
Dankie ook aan die spoorwegpolisiepatrollie wat opmerksaam was om die verdagte raak te sien waar hy aan die vlug was na Kanana en aan die Welbekend-SAPD te oorhandig vir inhegtenisname.
AfriForum het ook kom berading gee vir ons op die plaas en dit is wonderlik om te sien en weet hoeveel dierbare vriende ons van oral oor het.
Die saak om aansoek vir borg het by die hof op Welbekend op 17 Julie plaasgevind en die verdagte het aangedui dat hy nie aansoek doen om borg nie. Die saak is toe na die streekhof op Bronkhorstspruit op 2 Augustus verwys, waar hy voorgekom het op poging tot moord, aanranding met die doel om ernstig te beseer en huisroof met verswarende omstandighede op bejaardes.
Veels geluk weer met die Bronnie. Dit is en bly elke uitgawe net 'n plesier om dit van voor tot agter deur te lees met al die wonderlike artikels wat julle plaas.
Doen so voort en mag ons mekaar nog vir altyd op hoogte hou van alles wat saak maak en interessant is om te lees.



*Grietha en Hendrik Opperman*

## Hou so aan

**Hennie Heymans van Queenswood:**
Hou so aan! Julle het 'n wenresep!

## 'n Katwaardige lewe

**Buks Dom Boer Barnard van Elandshoek:**
Dom Boer se kataklisme (algehele ommekeer) vir die dag: Kaatjie Doringpoot se eerste dae was dae van verwaarlosing, afskeping en mishandeling. Hy was sku, honger, bang en onseker toe hy by Oubaas en Dom Boer kom woon het – wou so graag aandag kry en vertroetel word, maar was huiwerig om nader te kom.
Daardie eerste nagte het hy saggies met sy soetste, fynste stemmetjie gevra: "Miaau?" en hier van onder langs die bed af met groot, ronde, blink ogies opgekyk.
En as Dom Boer dan op die bed tik en antwoord: "Kom maar, Kaatjie," het hy gretig op die bed gespring en tog te lekker gekry om gestreel en gevryf te word.
Algaande het hy meer selfvertroue gekry en meer vrypostig geword.
Maar nou het sake heeltemal omgedraai. As Dom Boer in die middel van die nag sedig en vroom lê en droom, beland Kaatjie deftig en ongenooid met 'n vlieënde sprong soos die oordeelsdag op sy pens, waarna hy heen en weer oor sy vernielde ou liggaam loop, sy snoetjie in Dom Boer se gesig druk, sy neus met sy snorbaarde kielie, hom met sy voorpote knie en dan op sy bobene of kuite neerplons asof Dom Boer sy eiendom is om mee te maak soos hy wil.
En Dom Boer aanvaar maar die misbruik en marteling gelate; dankbaar dat Kaatjie vandag 'n katwaardige lewe kan geniet. En as Kaatjie uiteindelik aan die slaap raak, lyk hy tog so onskuldig en tevrede.



*Kaatjie Doringpoot*



## Die Arnoldi's van Cullinan

**Marthie Gamba van Rayton:**
'Pretoria se eerste dokter help om Hollandse vrymesselaarslosie te stig': Ek lees nou in ***Die Bronberger*** se Julie-uitgawe van die Arnoldi's. Die Arnoldi wat in Cullinan-begraafplaas begrawe is, is my oupa Bernardus GAD Arnoldi. Bernard het drie seuns gehad. Die oudste was Fritz Casper (getroud met Lettie Venter), die tweede was Hendrik Johannes (getroud met Marie Ward) en die jongste was Bernardus GAD (getroud met Martha Christina van Staden).
Hendrik Johannes Arnoldi en Bernardus GAD Arnoldi is ook in die Cullinan-begraafplaas begrawe. Dié twee het in die Cullinan-myn gewerk en is albei in 1966 in myn-ongelukke oorlede – ses weke uit mekaar.
Ses maande later is my oupa en ouma ook ses weke uit mekaar oorlede. My pa was die oudste seun, Fritz Casper. Hy is in die Rayton-begraafplaas begrawe.



*Die begrafnis van Fritz C Arnoldi*



*Voor: Bernard Arnoldi, links, en Fritz C Arnoldi, regs. Agter: Frans-Arné Arnoldi, links, en Jan Arnoldi, regs*

## Maand se hootepunt

**Marietjie Alers van Tierpoort:**
Die Bronnie is vir ons Tierpoort Seniors hulle maand se hoogtepunt!

## Uitheemse indringer

**Petro Lemmer van Cullinan:**
Die "simboliese plant" in die briewekolom van die Julie-***Bronberger*** is 'n kategorie 1b uitheemse indringerplant wat die vermoë het om die hele Kleinfontein-gebied en daarvandaan die Bronberg in 'n kort tyd oor te neem.
Dis teen die NEMBA Wet om uitheemse indringers aan te plant of te versprei.
Alle kaktusse het dorings en toon soms teenoorgestelde groeiwyses soos in die foto. Geen simboliek daaraan nie.



## Ons voorblad

*Dié parmantige ligte Sussex-hoenderhaan patrolleer sy gebied op Tierpoort met groot bravade. Donatella Casillo het die foto geneem.*



# Baat by Bronnie se 22 jaar

In September gaan dit 'n volle 22 jaar gelede wees wat die heel eerste uitgawe van die Bronnie op die gemeenskap van ons gebied losgelaat is. En ons het asem opgehou . . .
Ja, ons het geweet dit is 'n enorme waagstuk om 'n onafhanklike publikasie sonder enige rugsteuning van die grond af te kry en aan die gang te hou. Maar ons het ook geglo dat ***Die Bronberger*** 'n leemte sou vul.
Daardie eerste uitgawe het net ses advertensies gedra, maar skaars was dit in die hande van die mense van die Bronberggebied of die oorweldigende reaksie het begin instroom.
Die positiewe reaksie van ons lesers het begin deurwerk na adverteerders en die Bronniewiele het begin rol.
Volgende maand rol daardie wiele al 22 jaar lank en dit is steeds ons lesers, wat deur die volgehoue ondersteuning van ons adverteerders, sorg vir die lewensbloed wat die Bronnie se hart aan die klop hou.
Dit is julle wat ons daartoe in staat gestel het om as onafhanklike publikasie deur die jare – ten spyte van vele uitdagings, terugslae en kommerwekkende onsekerhede – stewig te bly staan: lets wat deesdae baie selde in die publikasiewese gebeur en waaroor ons baie dankbaar is.
So, skuif solank reg, want ons beplan 'n baie spesiale verjaarsdag-uitgawe in September en ons nooi alle adverteerders en lesers om deel daarvan te wees. In die jare wat dié een voorafgegaan het, is ons spesiale gedenkuitgawes in September telkens goed ontvang en baie goed ondersteun.
Ons wil almal wat in die laaste 22 jaar gereeld of net soms in ***Die Bronberger*** geadverteer het, nooi om ons verjaardag saam met ons te vier deur 'n advertensie in die September-uitgawe te plaas.
As jy nog nooit in ***Die Bronberger*** geadverteer het nie, is hierdie die ideale kans om nuwe voete nader te lok. Jou advertensie gaan in 'n versamelstuk verskyn wat ons lesers soos 'n kosbare besitting bewaar en in terug blaai oor baie maande heen.
Ons leser-vriende is welkom om ons te laat weet waarvan hulle in die Bronnie hou. Wanneer het jy jou heel eerste Bronnie raakgeloop? Is daar 'n spesifieke storie in die Bronnie wat jou nog al die jare bybly? Waarna verlang jy terug? Wat wil jy meer in die toekoms wil sien? Wat maak die Bronnie vir jou spesiaal?
**Bespreek jou plek vroegtydig om deel van die Bronnie se spesiale gedenkuitgawe te wees. Die sperdatum is 10 September. Skakel ons landlyn by 012-734-0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za. Bel Angie: 083-959-1016 of stuur 'n e-pos: angie@bronberger.co.za. Bel Tania: 072-089-0227 of stuur 'n e-pos: tania@bronberger.co.za. Bel Hannes: 072-992-5440 of stuur 'n e-pos: hannes@bronberger.co.za.**

**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**









# Tierpoorters wil 'pretpark'-konstruksie tot halt roep

Meer as 100 besorgde inwoners van Tierpoort en Bashewa het op 1 Augustus oor die 'pretpark'-ontwikkeling op plot 42, Tierpoort vergader. Hulle wil hê dat konstruksie tot halt geroep moet word tot hulle bewyse kan sien dat die nodige toestemmings verleen is en 'n openbare deelnameproses voltooi is.
Dié 8,4 hektaar kleinhoewe is in Februarie aan Ricky Gold Group Holdings, 'n Sjinese onderneming, verkoop. Volgens die boukontrakteur, Gary Shi, word die projek uit Sjina bestuur en is aansoeke vir eetplekke, 'n buitelugmark, veiligheid- en padtekens aan Tshwane gerig en is nog hangende. Intussen gaan hulle voort met konstruksie en beoog om in Desember oop te maak.
Woordvoerder vir die Tshwane-metroraad, Lindela Mashigo, het gesê dat die metro nog geen aansoek vir so 'n ontwikkeling of vir hersonering van die grond ontvang het nie. Daar is ook nie goedkeuring verleen dat dié landbougrond vir kommersiële doeleindes gebruik mag word nie.
Inwoners sê dat 'n basiese omgewingsimpakstudie verwelkom sal word. In so 'n studie se verslag sal spesialiste se bevindings oor die impak van dié ontwikkeling op die omgewing en biodiversiteit bekend gemaak word sodat belanghebbende partye daarop kan kommentaar lewer.
So 'n verslag sal moet wys hoe riool hanteer gaan word as honderde besoekers in 'n gebied sonder 'n munisipale rioolstelsel opdaag, watter watervolumes gebruik gaan word en hoe die gebruik, opberging en afloop daarvan by die vereistes van die Waterwet gaan inpas.
By die vergadering het Gary gesê dat hulle 'n speelpark vir kinders bou en nie noodwendig 'n waterpark nie. Hy het gesê dat water aangery gaan word. In dié hoewegebied is inwoners van boorgatwater afhanklik en sou die ondergrondse watertafel daal, sal almal se boorgatpompe in die lug hang.
'n Omgewingsimpakstudie sal ook moet wys hoe die ontwikkeling se terreinuitleg en bouplanne lyk, wat in terme van 'n restaurant beplan word, watter ure die park bedryf gaan word en hoe vullis verwyder gaan word.
Inwoners is veral besorgd oor veiligheidskwessies en toegang tot die perseel, wat op 'n moeilike plek uit Garstfonteinweg-verlenging verkry moet word. Daar is gereeld ongelukke op dié pad en die owerhede sou 'n verkeersimpakstudie vir so 'n ontwikkeling vereis het en ook dat 'n ekstra baan gebou moet word om veilige verbyverkeer toe te laat, soos by Grootfontein-landgoed en die nuwe Mooikloof Megastad-ontwikkeling se ingange vereis is. Garstfonteinweg-verlenging het nie 'n noodbaan (geel strepe) nie, wat dit ekstra gevaarlik maak.
By die vergadering het inwoners 'n petisie onderteken en klagtevorms gekry wat by die Tshwane-metroraad, die Gautengse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling en by die Departement van Water en Sanitasie ingegee kan word.
Teen die Bronnie se saktyd het konstruksie op die perseel steeds voortgegaan.



*Die ligging van plot 42, Tierpoort*



*Strukture word opgerig*


*Konstruksie op 7 Augustus*
*Foto's: Verskaf*


*Uitgrawings en nog 'n struktuur op die perseel*

# Vrywilligers maak skoon

Graad agt leerders van Hoërskool Garsfontein het op 19 Julie as deel van hulle Mandeladag-projek naby die voetgangerbrug in Serene Valley, 'n munisipale natuurreservaat in Garsfontein, skoongemaak. Die volgende dag het nog 'n groep vrywilligers stroomop van die Serenestraat-brug skoongemaak.
*Foto: Verskaf*












# Verdagte in Louwsbaken-plaasmoord gou in hegtenis geneem

Die Cullinan-gemeenskap het op 5 Augustus 'n protes teen die borgtogaansoek van 'n moordverdagte voor die Cullinanse Landdroshof gehou.
Dié 35-jarige man is op 24 Julie in hegtenis geneem in verband met die moord op Dirk Kritzinger (81) en die aanval op sy vrou, Sarie (77).
Dirk en Sarie is op 20 Julie op hulle kleinhoewe op Louwsbaken buite Cullinan aangeval. Hulle dogter het onraad vermoed toe haar ouers daardie Saterdag nie hulle fone geantwoord het nie. Sy het 'n vriend gevra om na haar ouers se huis te ry waar hy 'n ernstig beseerde Sarie en Dirk se liggaam in 'n plas bloed gevind het. Dirk het aansienlike kopbeserings gehad.
Karen Yssel, voorsitter van die Cullinanse Gemeenskappolisiëringsforum (GPF), was self op die toneel en sê dat alle dienste vinnig opgedaag het, van die polisie, die K9 honde-eenheid en forensiese span tot ambulansdienste, wat Sarie hospitaal toe geneem het. Karen het die Cullinan GPF Gemeenskap in Blou-patrolleerders, wat ook op die toneel bystand verleen het, bedank.
Polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk, het gesê dat 'n taakspan, bestaande uit speurders en ander lede van die Cullinan-polisie, saamgestel is om die saak te ondersoek. Inligting is van die gemeenskap ontvang en die taakspan is na die verdagte se woning in die Marikana-informele nedersetting naby Cullinan gelei.


Dirk Kritzinger


Sarie Kritzinger


Die protes voor die Cullinanse Landdroshof

Eiendom en 'n vuurwapen, wat glo aan Dirk behoort het, is in die verdagte se woning gevind.
Hy is in hegtenis geneem en het in die Cullinanse Landdroshof verskyn op aanklag van moord, aanranding met die doel om ernstig te beseer, huisroof en die besit van goedere wat vermoedelik gesteel is. Die borgtogaansoek is na 12 Augustus uitgestel en die verdagte het in aanhouding gebly.
Die Kritzingers se twee honde is erg getraumatiseer deur die aanval. Wet Nose Diereskuiling het na een van die honde omgesien, maar die ander hond, Leah, het in die chaos weggeraak. 'n Groot soektog na Leah is op tou gesit en Wet Nose het later berig dat Leah gevind is en ook veilig gehou word.
Teen die Bronnie se saktyd het Sarie steeds in die hospitaal aangesterk. Dirk en Sarie is nie die enigste twee mense wat die afgelope paar maande in die Cullinandistrik aangeval en ernstig beseer is nie.
Die Cullinan GPF Gemeenskap in Blou-patrolleerders is daagliks op patrollie in die gebied en 'n nuwe plan is uitgewerk waar die hele dorp help rapporteer wanneer en waar verdagte beweging te siene is.
Die Cullinan en Rayton-buurtwag het laat weet dat Toy Oliver op 6 Augustus oorlede is. Hy was in die hospitaal sedert die brutale aanval op hom met 'n huisroof op 30 Junie by sy woning op Cullinan.


'Hou op om ons boere dood te maak,' lees die banier *Foto's: Verskaf*


Die 35-jarige verdagte

# Help om begraafplaas te red

Inwoners en private instansies word genooi om by die Gemeenskapsverbeteringsgebied-inisiatief om die Pretoria-Oos begraafplaas van agteruitgang te red, aan te sluit.
Die plan is dat dié groep die munisipaliteit sal help met instandhouding en ook om 'n muur aan die begraafplaas se westekant te bou om besoekers se veiligheid te verseker. Daar was klagtes dat inwoners van die informele nedersetting, Cemetery View, besoekers lastig val.
Raadslid vir wyk 101, Malcolm de Klerk, het gesê dat veiligheid- en instandhoudingskwessies by dié begraafplaas aanleiding gegee het tot die behoefte aan samewerking met die gemeenskap en private instansies soos begrafnisondernemers en landskapontwerpers.
Besoekers het ook gekla oor lang gras en rommel en die begraafplaas is daarna skoongemaak. Malcolm sê egter dat finansiële beperkings maak dat die munisipaliteit nie gereelde onderhoud by dié begraafplaas kan doen nie.
Enige iemand wat belangstel om deel van dié inisiatief te word, kan Malcolm kontak by Malcolmdk@tshwane.gov.za.


Pretoria-Oos begraafplaas ná 'n onlangse opknapsessie *Foto: Verskaf*











aktueel

# Oorsprong van 'giftige' gasreuk gesoek

Inwoners van Cullinan kla al 'n geruime tyd oor mediese gevolge, soos erge hoofpyne, naarheid, duiseligheid en opgeswelde oë, weens 'n 'giftige' gasreuk wat sekere tye oor dele van die dorp hang. Hulle samewerking word nou gevra sodat die oorsprong en ligging van die reuk opgespoor kan word.
Die probleem word deur Tshwane se omgewingsreguleringsdienste ondersoek en inwoners word gevra om dié afdeling te bel sodra hulle van die reuk bewus word.
Inwoner Gerrie Claassen is sedert April 2023 reeds besig om klagtes oor die gasreuk by die munisipaliteit te lê. Hy het gesê dat Tshwane se veiligheidsinspekteur in April 2023 vanaf Rayton na Cullinan uitgekom het, maar dat daar 'n jaar later geen oplossing gevind is nie.
Intussen het Gerrie terugvoer van die adjunkdirekteur van Tshwane se omgewingsreguleringsdienste, Ilze Kotze, ontvang. Sy het hom op 18 Julie laat weet dat talle terreinbesoeke en waarnemings deur etlike rolspelers van die metroraad gedoen is.
Die algemene opinie is dat die kernoorsaak swak omgewingsluggehalte is weens verskeie plekke waar informele of onwettige aktiwiteite in die gebied plaasvind. Dit mag die brand van afval, wat onwettig gestort is, insluit asook die brand van bande om draad te ontbloot en die brand van kabels om koper te ontbloot.
Ilze het berig dat die ondersoek nog nie afgehandel is nie en dat omgewingsreguleringsdienste steeds daaraan werk om die presiese plekke waar die aktiwiteite plaasvind en bronne van die reuk vas te stel.
Inwoners word gevra om die volgende departemente dadelik te kontak sodra hulle van die gasreuk bewus word:
**TMPD Streek 5, Kliëntediensesentrum:** 012-734-4144. Bel kommandant Ester Mahlangu direk: 083-308-2859.
**Munisipale Gesondheidsdienste:** Bel Crescentia Netshieneulu: 082-885-4923 of 012-358-6876, of Dineo Mathopa: 082-969-8481 of 012-358-7036.
**Omgewingsnakoming-afdeling**, Streek 5: Bel Tshepo Shubane: 083-207-6638.
Ilze het gesê dat direkte kontak met dié mense die metroraad in staat sal stel om dadelik te reageer om die presiese bronne van die reuk vas te stel terwyl die reuk nog in die lug hang. Indien daar geen antwoord is nie, stuur 'n WhatsApp of SMS na die selfoonnommers.

## Pretoria-oos

Omgewingsgesondheidspraktisyns van Tshwane-metro ondersoek ook die oorsprong van gasreuke wat asemhalingsprobleme onder bejaardes en jong kinders in dele van Pretoria-oos veroorsaak.
Inwoners van Newmark-landgoed op Silver Lakes-weg, Silver Stream-landgoed en dele van Silver Lakes-landgoed het teen die einde van Junie en begin Julie berig dat dié gasreuke in die nag pla. Dit is glo so erg dat dit mense wakker maak en kinders moes verskeie kere 'n nebuliseerder gebruik om deur die nag te kom.
Baie mense het glo simptome soos hoofpyne, asma, naarheid en duiseligheid ervaar en sommige mense sê dit is so erg dat hulle na alternatiewe verblyf op soek is.

# Help om 'n reënboogbrug te bou



*Só lyk 'n reënboogbrug*
*Foto: Verskaf*

Die mense van Wet Nose Diereskuiling sê hulle is opgewonde om 'n nuwe projek aan te kondig, een wat deur die gedenkteken reënboogbrûe, wat dwarsoor die wêreld te siene is, geïnspireer word.
Die plan is om so 'n brug by Wet Nose op te rig – 'n spesiale plek waar mense hulle geliefde troeteldiere wat reeds oor die reënboogbrug gestap het, kan vereer en onthou. Dit sal 'n vreedsame plek wees waar die gemeenskap gedenkwaardighede wat hulle aan hulle oorlede troeteldiere herinner kan gaan hang – 'n plek waar dié diere en die vreugde wat hulle in ons lewens gebring het, gevier kan word.
Die gemeenskap word gevra om te help om materiaal, verf en ander benodighede te borg of om hulle vaardighede by te dra. Is jy 'n bouer, landskapargitek of kan jy verf? Hulp is nodig met die konstruksie van die brug.
Vir meer inligting stuur 'n e-pos na admin@wetnose.co.za of skakel 082-677-8084.

# Mosambieker in hof ná gru-aanval



*Grietha Opperman se ribbe, neus en tande is in die aanval gebreek*
*Foto: Verskaf*

Abido Suwet Ngove, die man wat van die gru-aanval op Grietha Opperman by Henopper Melkery op Witpoort beskuldig word, het op 2 Augustus in die Bronkhorstspruit-streekhof verskyn.
***Die Bronberger*** het verlede maand berig dat Grietha ernstig beseer is in 'n plaasaanval op 4 Julie. Haar man, Hendrik, het gesê dat Grietha om 8:15 nm in die badkamer van hulle woning oorval is en geld van haar geëis is.
Die slaapkamer is verwoes en Grietha is rondgeruk, neergegooi, geskop en met 'n hamer aangerand. Die gesin se hond, Simson, wat by Hendrik in die melkery se kantoor was, het begin blaf en uitgestorm. Dit het die aanvaller laat vlug. Grietha kon haar in die slaapkamer gaan toesluit en het vir Hendrik gebel. Hy het dadelik sy buurman gebel, wat twee veiligheidsgroepe geaktiveer het.
Die aanvaller het in 'n spoorwegpolisiepatrollie vasgeloop en patrollielede het hom aan die SAPD oorhandig. Met die opening van die dossier het polisiebeamptes vasgestel dat hy 'n vervalste paspoort en werkspermit het.
Die 32-jarige Abido is 'n Mosambieker wat glo onwettig in die land is. Hy staan tereg op aanklagte van poging tot moord, aanranding met die doel om ernstig te beseer, huisroof met verswarende omstandighede en bedrog.
Hendrik Opperman het aan ***Die Bronberger*** gesê dat Abido in die hof beweer het dat hy nie Afrikaans of Engels kan praat nie. "Ek dink hy lieg, want hy het in beide tale gedreig om tannie Grietha te vermoor," sê Hendrik.
Abido het in die hof aangevoer dat hy 'n vriend gevra het om 'n fondsinsameling namens hom van stapel te stuur sodat hy 'n regsverteenwoordiger kan betaal. Die saak is tot later vandeesmaand uitgestel en Abido bly in aanhouding.


Die Bronnie word 22 in September!

Moenie ons baie spesiale verjaardaguitgawe misloop nie.

Bespreek jou plek teen 10 September om deel van die Bronnie se spesiale gedenkuitgawe te wees:
Skakel ons landlyn by 012-734-0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Bel Angie: 083-959-1016 of stuur 'n e-pos: angie@bronberger.co.za.
Bel Tania: 072-089-0227 of stuur 'n e-pos: tania@bronberger.co.za.
Bel Hannes: 072-992-5440 of stuur 'n e-pos: hannes@bronberger.co.za.






# Unleashing Potential: The Benefits of Jiu Jitsu and Muaythai

In today's fast-paced world, finding a balanced, effective way to stay fit, sharp, and confident can be a challenge. Martial arts, particularly Jiu Jitsu and Muaythai, offer a compelling solution. These disciplines are not just about self-defence or competition; they are comprehensive systems that enhance physical fitness, mental resilience, and personal growth. Here's why incorporating Jiu Jitsu and Muaythai into your routine could be a game-changer.

## Jiu Jitsu: The Art of Leverage and Technique

Jiu Jitsu is a martial art that focuses on ground fighting and submission techniques. Its core philosophy is leveraging technique and strategy over brute strength. Here's why Jiu Jitsu stands out:

- **Self-Defence Skills:** Jiu Jitsu's emphasis on ground fighting and submissions makes it incredibly effective for real-world self-defence. It teaches you how to control and submit an opponent, regardless of size or strength.
- **Mental Toughness:** The sport is mentally challenging, requiring problem-solving skills, strategy, and resilience. Training regularly builds a strong mindset, making you more adaptable and confident in high-pressure situations.
- **Fitness and Flexibility:** Jiu Jitsu is a full-body workout that improves strength, endurance, and flexibility. Rolling (sparring) and drilling techniques help burn calories, build muscle, and increase overall fitness.

## Muaythai: The Science of Eight Limbs

Muaythai, known as the "Art of Eight Limbs," utilizes punches, kicks, elbows, and knees, making it one of the most effective striking arts. Here's why Muaythai is a standout choice for fitness and self-defence:

- **Comprehensive Striking Techniques:** Muaythai's use of punches, kicks, elbows, and knees provides a diverse and effective arsenal of strikes.
- **Cardiovascular Fitness:** Training in Muaythai is incredibly cardiovascular. The intense workouts improve heart health, increase stamina, and enhance overall fitness levels, making it a fantastic way to get in shape.
- **Discipline and Focus:** The rigorous training routines in Muay Thai cultivate discipline, focus, and mental clarity.
- **Empowerment and Confidence:** Muaythai's emphasis on striking and conditioning empowers practitioners, boosting self-confidence and promoting a sense of personal achievement and strength.

## Conclusion: A Path to Wellness and Growth

Whether you're looking to improve your fitness, boost your mental resilience, or gain self-defence skills, Jiu Jitsu and Muaythai provide a path to holistic growth. Their unique benefits extend far beyond the mat, enriching your life with discipline, confidence, and a supportive community. So, why wait? Step onto the mat, embrace the challenge, and unleash your full potential with Jiu Jitsu and Muaythai. Your journey to a stronger, more confident you starts now.

Join us for adult Jiu Jitsu and Muaythai classes, and for Jiu Jitsu classes for kids and ladies. Hope to see you soon!













# Het jy gehoor? / Have you heard?




Die Valleipartei en Kinderkarnaval word op 31 Augustus vanaf 8 vm by NG Valleisig-gemeente op die hoek van Tipperary- en Mayostraat in Faerie Glen gehou. Daar gaan verskeie kraampies wees en buite-uitstallers is welkom. Vir navrae bel Riaan Visser: 082-459-4293.

• • •



Klitsgras hou op Saterdag 24 Augustus 'n interaktiewe tromsessie. Die hekke maak om 4 nm oop en die tromsessie begin om 6 nm met 'n kort opleidingsessie. Die sessies word deur ervare tromininstrukteurs behartig en deelnemers word deur 'n reeks tromtegnieke en ritmes gelei. 'n Trom kan teen R50 gehuur word. Klitsgras is op plot 62, Tierpoort op die hoek van Garstfonteinweg-verlenging en Tierpoortweg. Skakel 083-311-0025. Toegangskaartjies is by quicket.co.za of kan by die deur gekoop word.

• • •



'Wonka' word van 1 tot 3 September om 9 nm deur Freedom Dance Studio by The Distillery, Rosemary Hill aangebied. Dit is die dans-interpretasie van Willie Wonka se verhaal en hoe hy sy drome om 'n sjokolademaker te word gevolg het. Ballet, kontemporêr, hip-hop, jazz, modern, musikale teater en klopdanse word ten toon gestel. Kaartjies kos vanaf R220 en is by quicket.co.za te koop. Rosemary Hill-landgoed is op die Boschkop-grondpad (R964) op Mooiplaats.

• • •



'Mandri en Schalk doen 'n show' word op 3 September om 7 nm by Plaaslik in Equestria aangebied. Dié opvoering belowe humor, artikulasie, alliterasie en nog humor. Kaartjies is by quicket.co.za te koop. Dit kos R450 en sluit 'n ete in. Neem gerus jou eie wyn saam. Plaaslik is op dieselfde perseel as Afroboer in Meerlustlaan 1.

• • •

Padstal hou 'n talentkompetisie. Dié reis om Suid-Afrika se top musikale talente te ontdek begin op Donderdag 29 Augustus om 8 nm. Daar word agt rondtes, elke Donderdagaand tot 17 Oktober, gehou. Die paneel beoordelaars sluit die plaaslike Albert Bredenhann in, Bino Boshoff, direkteur van Universal Music Local South Africa, en verskeie bekende musikale kunstenaars sal as gasbeoordelaars optree.



Die top agt deelnemers gaan na die semi-finale rondte deur en staan 'n kans om pryse te wen, insluitende R40 000 en 'n opname-kontrak van Universal Music. Padstal is by The Highwaystraat 265, Equestria. Skakel 061-680-3388 of stuur 'n e-pos: info@padstal.co.za.


• • •

Kabaretkunstenaar, liedjieskrywer en aktrise, Helena



Hettema, bied op 25 Augustus om 3 nm 'n veelsydige program saam met ander musikante aan om haar musiekreis deur die jare en digbundel in wording by Atterbury-teater ten toon te stel. Helena sing in Engels, Afrikaans, Frans, Italiaans, Spaans en Nederlands. Sy is reeds 30 jaar in die musiekbedryf en het deurgaans lof ontvang vir haar vertolkings van Piaf en legendes soos die Vlaams/Franse sanger-liedjieskrywer Jacques Brel, Mireille Matthieu en Charles Aznavour. Kaartjies kos R200 tot R250 en is by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor.

• • •



'Besties, Buddies & Bubbles' is die naam van 'n fondsinsameling-ontbyt vir Jakaranda- en Louis Botha Kinderhuise op 24 Augustus om 9 vm by Monte de Dios, plot 106, Achillesweg, Zwavelpoort. Kaartjies kos R300 en is by tixsa.co.za beskikbaar.

• • •



'n Duitse bierfees word op 7 September van 9 vm tot 6 nm by die Cullinan-biblioteekpark gehou. The Oompah International Band en die Eisbeins tree in die biersaal op en tipies Duitse kosse word te koop aangebied. Vyf bierbrouers neem deel en daar is ook wynproe en ander fynproewersdrankies sowel as kuns- en handwerkkraampies. Bel Danie Booysen: 082-926-4326.

• • •




Die FAK Familie- en Erfenisfees vat weer hande met die Voortrekkermonument en Die Erfenisstigting op Erfenisdag, 24 September. 'n Inligtingsessie met tema 'Die A, B, C, D, E, F, G van Genealogie' word van 8:30 vm tot 3 nm in die Voortrekkersaal gehou. Daar is 'n paneelbespreking om 11 vm. Vat jou vrae en bekende leidrade en ontmoet uitstallers soos: die FAK Genealogielessenaar, die Bartmann-, Bekker-, Botha-, Claassen-, De Lange-, Dreyer-, Human-familie, die Fourie-, Malan- & Swart-familiebond, asook die Genealogiese Genootskap van SA: Gauteng-noordtak, die Hugenote Vereniging van SA en die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Koskraampies en ander erfenis-aktiwiteite kleur die dag in. Navrae: isabel@kultuurtuiste.org.za of www.genealogielessenaar.com.




# Hout is klassiek, maar . . .
# DIE ANTWOORDE



**FD Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.**

Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom.
Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.
Ons is sedert 1986 in die bedryf en is dus deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit. Die gebrek aan kennis van sommige kontrakteurs skep ook 'n probleem in hierdie gespesialiseerde veld.
Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop. Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Roulynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek.
Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie. Dit laat onder andere kolle en strepe agter.
Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.

Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/ afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuifen opvouskuifdeure wat verrot het.
Dit is aansienlik goedkoper as om die hele item te vervang. In die proses word die nuwe hout aan albei kante goed geseël om die penetrasie van vog te help teëwerk. Afgesien van behandeling gaan ons eers alle items na en die nodige herstelwerk word gedoen. Vensteroopmakers word meestal afgehaal vir herstelwerk. Sodra 'n oopmaker iewers vashaak kan dit begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

**Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za**









# Skandaal tien jaar later oopgevlek


*Die bekendstelling van die Tribe One-musiekfees op die terrein in November 2013*

Tien jaar ná die omstrede Tribe One Dinokeng mega-musiekfees buite Cullinan gekanselleer is, word daar gevra dat fondse, wat die Tshwane-metroraad aan dié fees bestee het, direk van amptenare, wat in 'n forensiese ondersoek genoem word, teruggeëis moet word.
***Die Bronberger*** het in Oktober 2014 berig dat die fees 'n week voor die afskopdatum, ná bykans 'n jaar van beplanning, afgestel is en dat die inspuiting (finansieel en infrastruktuur-gewys) wat die fees belowe het om vir die plattelandse gebied van Cullinan, Rayton, Refilwe en sy mense te bring, uiteindelik net 'n windeier was.
Ongeveer 150 internasionale en plaaslike musikante en platejoggies sou op drie verhoë van 26 tot 28 September 2014 langs Refilwe, net buite Cullinan optree. Die organiseerders het gemeenskapsvergaderings oor die fees op Cullinan gehou en het selfs 'n reeks advertensies in ***Die Bronberger*** oor die groot fees wat sou kom, geplaas.
Daar is verwag dat 100 000 besoekers sou opdaag. Destyds is daar gesê dat slegs 4 000 kaartjies tot 'n enkele week voor die grootse gebeurtenis verkoop is. Later jare het sekere bronne gesê dat net meer as 700 kaartjies verkoop is en ander bronne dat slegs 318 kaartjies verkoop is.
Beskuldigings en verskonings, wat nie almal lekker sin gemaak het nie, is destyds heen en weer geslinger. Vir die metroraad van Tshwane het dit R65 miljoen in die water beteken. Die metroraad het berig dat daar net meer as R40 miljoen aan infrastruktuur bestee is en nog R25 miljoen aan feesreëlings en kunstenaars wat by die fees sou optree.
Die uitvoerende hoof van Rockstar 4000 en besturende direkteur van Afrika vir Sony Music Entertainment het 'n gesamentlike onderneming, genaamd TribeOne Festivals (Edms) Bpk, gestig om die fees te reël. Hulle het berig dat die fees afgelas is omdat die raad nie die infrastruktuur op die beoogde terrein buite Cullinan gereed gehad het nie. Die raad het gesê dat hulle nie geweet het dat bykans die helfte van die terrein nie aan hulle behoort het nie, maar aan die Cullinan-myn.
'n Vertroulike verslag, wat dié sake aanspreek, is aan die einde van 2023 gepubliseer. Raadslede in Stad Tshwane se munisipale openbare rekeningkomitee het teen die einde van Junie 2024 aanbeveel dat sulke onreëlmatige uitgawes in die 2023/24-boekjaar verhaal moet word. 'n Raadsopdrag is daarna aan die stadsbestuurder gegee vir verdere optrede teen die amptenare wat in forensiese ondersoeke genoem is.
'n Forensiese ondersoek hieroor is reeds in 2017 deur 'n bekende forensiese ouditeursfirma voltooi en aan die metro oorhandig. Die forensiese verslag oor wanbesteding en besteding sonder behoorlike magtiging sal om vertroulikheidsredes nie openbaar gemaak kan word nie.
Siobhan Muller, een van die stadsraadslede wat reeds tien jaar by die ondersoek na die beweerde wanbesteding rondom dié fees betrokke is, sê sy wil hê die raad moet opvolg-aksie oor die fees uitbrei. Sy glo ander betrokkenes by die reëlings van die gekanselleerde fees moet ook uitgewys word.
Siobhan het gesê dat haar kommer toegeneem het ná die fees gekanselleer is en niemand hulle geld vir die kaartjies wat glo verkoop is, terug gevra het nie. Sy sê daar was nie eers klagtes op sosiale media oor verlore kaartjies nie en sy het dit vreemd gevind.
Sy sê daar was ook geen teken dat die kunstenaars wat sou optree, beswaar aangeteken het nie en dat uitstallers, wat glo by die fees sou wees, skadevergoeding geëis het nie.







# Ons vat die Marais-spoor van Jan die Gewer tot by Lang Piet en veldkornet Melt

***Angie Kleijn***

Noem die naam Eugène Marais en almal weet van wie jy praat . . . Digter, skrywer, advokaat, koerantredakteur, kenner van dieregedrag, prospekteerder, hipnotiseur, sterrekundige, 'wonderdokter', dwelmverslaafde. Minder is egter geskryf oor presies hoe hy in die Marais-familie inpas, hulle verbintenis met die goud- en diamantvelde en die grootste filantroop wat Suid-Afrika nog gehad het.

In Pieter Kapp se boek, 'Nalatenskappe sonder einde', skryf hy oor die enorme bydrae wat Jannie Marais, bekend as Jan die Gewer, en die Marais-broers van Stellenbosch nagelaat het. Danksy dié broers se kombinasie van versiendheid, hardwerkendheid en kundigheid het hulle rykdom op die destydse diamantvelde opgebou. Hulle is met dié geld terug na Stellenbosch waar hulle dieselfde eienskappe laat tel het in die onderwys, in belang van Stellenbosch, op sakegebied en veral in hulle pionierstoewyding aan Afrikaans.

Eugène Nielen Marais se oupa, Charles Gerhardus Marais, wat op die familieplaas Nektar op Jonkershoek in die Stellenbosch-distrik geboer het, was 'n broer van Jan die Gewer se pa. Charles is met Petronella Johanna Elizabeth, 'n nooi Nielen, getroud en dit is waar die Nielen-naam in die familie vandaan kom.


*Eugène Nielen Marais omstreeks 1931, sowat vyf jaar voor sy dood*
*Bron: Wikipedia*


*Jan Christiaan Nielen Marais*
*Bron: geni.com*

'n Karakter, wat later groot naam in Pretoria sou maak, Petrus Johannes (Lang Piet) Marais, gebore op die plaas Nektar op 22 Mei 1838, was 'n ruk lank saam met die Marais-broers op die diamantvelde, maar het sy rykdom op die goudmyne gemaak, waar hy 'n miljoenêr geword het.

## Jan

Lang Piet se broer, Jan Christiaan Nielen Marais, was Eugène se pa. Hy is op 29 November 1822 op Stellenbosch gebore en is op 28 Maart 1843 met Catharina Helena Cornelia, 'n nooi Van Niekerk van Malmesbury, getroud. Hulle het 13 kinders gehad, waarvan Eugène die jongste was. Drie kinders is vroeg oorlede, maar ses dogters en vier seuns het grootgeword.


*Jannie Marais, bekend as Jan die Gewer*
*Bron: 'Nalatenskappe sonder einde'*

Die gesin het op die Marais-familieplaas Nektar gewoon. Jan was 'n prokureur en in 1860 het hulle Bloemfontein toe getrek waar Jan in 1863 as staatsekretaris aangestel is.

Toe tref tragedie: Jan is in 1867 uit die staatsdiens ontslaan op aanklag van geldverduistering. Hy is vir 'n ruk onder huisarres geplaas en om verdere vervolging te voorkom, het die gesin in 1868 na Pretoria gevlug.

Jan en sy broer Lang Piet het in 1868 'n gedeelte van die plaas Daspoortrand gekoop en dit Les Marais genoem. Dit was eers 'n tabakplaas, genaamd 'Edith's Farm'. Al Jan se seuns het aanvanklik op die plaas gewoon. Ná 1881 het die plaas aan Hennie Marais behoort voor 100 erwe in 1890 deur MH Walker opgemeet is.

## Nigel

Lang Piet was met Sarah Mary Catherine Florence, 'n nooi Belfield, getroud. Volgens CJ Mieny se 'Eugène Nielen Marais – Feit en Fabel' in die 'SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, no. 3 1984', het Lang Piet skatryk geword uit die goudmynbedryf omdat hy die plaas waarop die dorp Nigel begin is, besit het.

Die plaas se naam was Vlakfontein en Lang Piet het dit in 1881 gekoop, maar het nie daar gewoon nie. In 1882 het hy 'n prospekteerder aangestel om goud te soek. Vyf jaar later het 'n groep gouddelwers van Natal op Vlakfontein kampeer en gesien dat die prospekteerder, sonder Lang Piet se wete, goud gevind het. Hulle het Lang Piet £1 000 vir die plaas aangebied.


*Catharina Helena Cornelia Marais, 'n nooi Van Niekerk*
*Bron: geni.com*

Lang Piet was besig om Sir Walter Scott se boek, 'The Fortunes of Nigel', te lees – 'n storie oor 'n jong man wat die slagoffer van oneerlikheid was. Met dié storie in sy agterkop, is Lang Piet self plaas toe en het gesien dat 'n goudrif ontdek is. Só is die naam Nigel gebore.

In 'n alternatiewe weergawe van dié storie word daar vertel dat Lang Piet 'n Skotse prospekteerder, Nigel MacLeish, aangestel het. Hy het die goudrif gevind en het dit Nigel's Reef genoem.

Na bladsy 18



# Marais-spoor . . .

*Vanaf bladsy 17*

Lang Piet het die helfte van die plaas op 15 April 1887 aan sakemanne van Pretoria, wat hulleself die Nigel-sindikaat genoem het, verkoop. Die Nigel Goudmynmaatskappy is op 31 Maart 1888 geregistreer en het die tweede helfte van die plaas op 4 Junie 1888 by Lang Piet gekoop.

## Lang Piet

Tog moet daar 'n verbintenis met die boek, 'The Fortunes of Nigel', wees want alle kerke op die dorp is na kerke in die boek vernoem.

Lang Piet het heelwat eiendomme in Pretoria besit en een daarvan was Nigel House, die eerste dubbelverdiepinghuis op die dorp. Die tuine om die huis het amper die hele blok tussen Schoeman-, Pretorius- en Prinsloostrate beslaan. Die huis het later 'n hotel geword en het as Nigel House Hotel bekend gestaan.
Lang Piet het ook 'n erf op die noord-westelike hoek van Kerkplein, wat eers aan kaptein Struben behoort het, besit. Een van die geboue wat later op die erf gestaan het, was as die Marais-gebou bekend.
Lang Piet was direkteur van die Lydenburg Gold Prospecting Co en aandeelhouer in Transvaal Mining. Verskeie winkel- en dranklisensies is aan hom toegestaan en hy het op menige komitee gedien, soos die een vir die stigting van 'n skool vir jong dames; 'n komitee vir die stigting van 'n hoërskool; en hy was voorsitter van die komitee vir die stigting van 'n perdereisiesklub.
Maraisstraat in Brooklyn is na Lang



*Lang Piet Marais en King Coffee – die langste en kortste man in toeka se Pretoria*
Bron: Engelbrecht, SP, Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld

Piet vernoem. Ander strate in dié voorstad is na sy seuns vernoem (Rupertstraat en Charlesstraat), na sy dogter (Farrellstraat na Dorothy Noreen Farrell) en na sy skoondogters: Stellastraat na Rupert se vrou, Stella Felecia, 'n nooi Emmett, en Maystraat na Charles se vrou, Catherine May Venitia, ook 'n nooi Emmett.

## Melt

Waar Lang Piet se kinders Engelse name gehad het en grootliks met Engelse vrouens getrou het, was een van Jan se seuns, Melt Marais, veldkornet vir Pretoria en het 'n leidende rol in die verset teen die Engelse gespeel.
Melt is op 19 Julie 1860 op Stellenbosch gebore en sy skoolonderrig het op Grey College, Bloemfontein begin. Hy het in 1868 saam met sy gesin na die plaas Les Marais getrek.
Melt het in sport uitgeblink en is gereeld in 'De Volksstem' genoem. In 1876 is 'n sportdag gehou om president Burgers se verjaarsdag te vier en die 16-jarige Melt het die 150 jaarts gewen en ook die hoogspring vir seuns met 'n hoogte van drie voet 10 duim.
Melt het vir agt jaar op Les Marais geboer en het daarna 'n klerk in die handelsfirma Field & Hoffmann in Pretoria geword. Hier het hy genoeg ondervinding opgedoen om op sy eie te begin handel dryf en hy het in 1885 'n algemene agent en makelaar geword.
Hy was vir 15 jaar veldkornet van Pretoria en was vir vyf jaar in bevel van die berede en voetsoldaatvrywilligers. Met die Anglo Boereoorlog was Melt in bevel van Pretoria en oor 'n jaartydperk het hy met die rang van veldkornet in Natal geveg. Hy was in die veldslae by Tugela en Ladysmith.
Toe die Britte Pretoria in 1900 ingeneem het, is Melt gevange geneem en na Groenpuntkamp in die Kaap



*'n Groep offisiere van die staatsartillerie met Melt Marais in die middel*
Bron: Rosa Swanepoel-versameling

gestuur. Ná die vrede van 1902 is Melt terug na Pretoria waar hy aangegaan het met sy gevestigde sakebelange.

## Trou

Melt het in 1887 met Magdalena Maria Marais (Lenie), die derde dogter van JM Boshoff, later tesourier-generaal van Transvaal, getrou en hulle het ses seuns en drie dogters gehad. Hy was 'n vrederegter vir die Pretoria-distrik en 'n lid van die Pretoria-klub en New-klub.



*Veldkornet Melt Marais*
Bron: Rosa Swanepoel-versameling

Sy broer, die digter Eugène, het Lenie se niggie, Aletta (Lettie) Beyers, in 1893 ontmoet toe sy in Pretoria kom kuier het en het in Augustus 1894 met haar getrou. Elf maande later (op 17 Julie 1895) het sy aan kraamkoors gesterf ná die geboorte van hulle seun (Eugène Charles Gerard Marais) op 8 Julie 1895; 'n verlies wat Eugène die res van sy lewe bygebly het.
Eugène was in 'n stadium 'n prokureursklerk by Melt se firma, Kuranda & Marais. Melt se vennoot was Robert Kuranda, wat in 1862 in Oostenryk as die seun van A Kuranda, 'n bekende lid van die Oostenrykse parlement, gebore is. Hy het in 1879 as troep in Suid-Afrika aangekom om in die Zoeloe-oorlog te veg.
Robert het in 1882 'n ZAR-burger geword en het vir Alois Hugo Nellmapius as aankoper van plase gewerk. Hy was betrokke by die vind van goud op die plaas Doornfontein en het in 1888 saam met Melt Kuranda & Marais gestig, 'n firma wat met tye soveel as 2 500 bouwerkers in Johannesburg in diens gehad het.
Kuranda & Marais se kantoor was in die Commercial Chambers, wat oorspronklik 'n woonhuis op Kerkplein was. Die firma se advertensie het vertel dat hulle die volgende doen: Die koop en verkoop van eiendomme, belê van geld, likwidasie van boedels, die oordrag van aktes en notariswerk. Hulle het ook adverteer dat hulle sake voor die laer en rondgaande howe in die republiek behartig en dat die dienste van 'n ervare prokureur daarvoor gebruik word.




*Robert Kuranda*
Bron: Men of the times

*Na bladsy 20*







# Marais-spoor . . .

*Vanaf bladsy 19*

Die Commercial Chambers is in 1892 gesloop om vir die Nasionale Bank-gebou plek te maak en Kuranda & Marais het na die Transvaal Mortage & Loan-gebou geskuif.
Ná die vennootskap ontbind is, het Melt in 1899 na die Erasmus-gebou getrek.

## Jess

Een van Eugène en Melt se susters, Gezina Wilhelmina Constantia (Jess) het ook bekendheid verwerf.



*Melt Marais se graf*
Bron: eggsa.org

Die Engelse skrywer, Henry Rider Haggard, het haar glo as inspirasie vir die hoofkarakter van sy boek, 'Jess – A tale of the Boer War', gebruik. In die laat 1870's het Henry twee akkers aan die "bokant van Pretoria" gekoop. Met die tyd van die Britse okkupasie in die Eerste Vryheidsoorlog het Henry en sy vriend, Arthur Cochrane, daar vir hulle 'n sinkdakhuisie gebou wat hulle spottenderwys 'The Palatial' gedoop het. Dié kothuis het later as Jess's Cottage bekend gestaan.
Jess Marais het met Frank Rex, 'n afstammeling van George Rex, stigter van Knysna, getrou. Hulle dogter, Mabel Catherine Rex, het met Kenne Malherbe getrou en is in 1931 as Pretoria se eerste vroue-burgemeester gekies. Sy was die tweede vrou en die eerste Afrikaanssprekende vrou wat tot die parlement verkies is.



*Die grafsteen van Jan Christiaan Nielen Marais en sy vrou, Catharina Helena Cornelia*
Bron: geni.com



*Die middelste gebou met die groot stoep op Kerkplein was die Commercial Chambers waar Kuranda & Marais se kantore was*
Bron: Rosa Swanepoel-versameling



*Mabel Malherbe*
Bron: Wikipedia

# Dié plant kan jou in die hospitaal laat beland

Baie mense het al lelike stelle met 'n kraalnaboom afgetrap. Hulle word as ornamentele heining-struike aangeplant en mense besef nie dat dié uiteindelik 'n groot boom word wat giftig is en asemhalingsprobleme, erge ooginfeksie en blindheid kan veroorsaak nie.
Diegene wat 'n kraalnaboom sonder 'n beskermende bril of handskoene snoei, het al in die hospitaal beland. 'n Mens se oë begin brand, dit tas jou slymvliese aan en jy kan 'n uitslag met blasies kry as die melkerige sap op jou vel beland. As jy dit inneem, brand die mond, lippe en tong brand. Die plant is ook giftig vir honde, katte en perde.
Kraalnaboom, *Euphorbia tirucalli*, is waarskynlik die 'mode-plant' van die dekade en is baie gewild onder landskapargitekte. Hy groei aanvanklik as 'n ruie struik met vertikale stamme in flambojante kleure wat as "brandende stokke" beskryf word. Die stamme is so dun soos potlode met 'n goue-rooi kleur wat verblyk na geel skakerings in die somer voor dit in die winter weer rooier ondertone ontwikkel.
In die begin dra die stamme klein blaartjies wat onopsigtelik is en gou afval. Die blommetjies skuil in die lente en somer agter onopvallende geel skutblare. Die vruggie of saad is klein (ongeveer 8 mm in deursnee), pienk en drielobbig met fyn haartjies.
Soos die plant volwassenheid bereik, word die onderste stamme dikker en growwer en kry 'n liggrys tot bruin kleur. Dié boom kan tot 10 meter hoog word.
Kraalnaboom is eens as 'n belowende bron van rubber en selfs hars en brandstof oorweeg en groot verlate plantasies is steeds op plekke in Afrika te sien. Daar is dwarsoor die wêreld sonder veel sukses pogings aangewend om dié middels uit die boom te verbou en kraalnaboom is ook al vir houtskool geoes.
Die giftige melkerige sap is al as insekweerder gebruik en ook om visse te vergiftig – 'n beskadigde tak word in die water gegooi.
Tradisionele medisyne is van dié boom gemaak vir die behandeling van sifilis, aambeie, vratte, hoes, oorpyn, senuweepyn, rumatiek, tandpyn en melaatsheid en daar is met kankerbehandelings geëksperimenteer.
Navorsing het egter bewys dat die kraalnaboom nie in kankerbehandeling werk nie, omdat dit die immuunstelsel onderdruk en die groei van gewasse kan aanmoedig, wat die ontwikkeling van sekere soorte kanker tot gevolg kan hê.



*"Brandende stokke"*



*'n Gekweekte plant*



*Só lyk die kraalnaboom as hy groter word*
*Foto's: Wikipedia*













# Span uit in die bosveld, 'n klipgooi uit die stad



## Carlsruhe


Carlsruhe is 'n wildplaas met 'n groot, pragtige plaashuis. Die huis het 10 slaapkamers wat 28 mense kan slaap. Dit het agt badkamers, almal met warm water waarvan vyf en-suite is. Dit is op 'n groot, veilige huiskamp met groot grasperke waar kinders kan speel. Daar is twee braaiplekke buite, 'n swembad en 'n jacuzzi. Ons bied wildsritte aan en kleiduifskiet as aktiwiteite sowel as jag in die jagseisoen.

## Somabula


Somabula is 'n natuurreservaat met baie wild en verskeie verblyfkeuses. Ons het kampplekke, ossewaens, chalets en 'n huis wat nege mense kan slaap. Daar is staproetes, voëlkykpunte en wildsritte. Die ossewaens is baie gewild. Die een kamp het vier ossewaens waarin agt mense kan slaap en dan 'n gemeenskaplike kombuis, badkamers en kuier-area. Die ander kamp het een ossewa met 'n badkamer, kombuis en braai-area.

## Beynespoort

Beynespoort is 'n gasteplaas met drie huise om 'n swembad. Daar kan altesaam 27 mense slaap. Daar is 'n 'venue' wat 100 mense kan akkommodeer met 'n kroeg, wat gebruik word vir enige funksies, troues, verjaarsdae en reunies. Elke huis het sy eie private kombuis en leefarea. Daar is een groot kamp met tuine, grasperke en 'n swembad.



Al drie plekke is naby Cullinan en Rayton, binne 'n uur se ry van Pretoria af. Ons is self-sorg. Vir verdere inligting, besoek **Somabula:** www.somabula.co.za **Carlsruhe en Beynespoort:** www.carlsruhe.co.za **Vir besprekings, kontak 078-167-1416; carlsruhebookings@gmail.com**


















# Ysbeer-swemmers durf bibberwater aan

Brawe swemmers het Oudezwaanskraal se bibberwater op 20 Julie aangedurf in die jaarlikse Korridor Ysbeer-swem by De Damhuis. Vrywilligers swem sedert 2014 'n afstand van 75 meter in yskoue damwater. Die verwelkoming was om 6.30 vm en die swemmers het om 7 vm begin swem toe die buitetemperatuur minus vyf grade was en die watertemperatuur agt grade. Deelnemers swem vir 'n goeie doel en het nie-bederfbare produkte en toiletware bygedra. Dit is vir Laerskool Witpoort se projek, wat daagliks kos aan leerders by die skool voorsien, geskenk.



*Swemmers in die ysige water*



*Die Ysbeer-trofee*




*Die wegspring*


*Foto's: Facebook – Luisa van der Linde*

# Seniors hou 'n winterfees


Die Tierpoort Seniors is deur gasvrou, Marinza Pieterse, by Thulani in Tierpoortweg vir hulle Winter Warmte fees in Julie ontvang. Gluhwein of warm sjokolade, asook 'n groot boma-vuur het gesorg dat geen winterkoue kon deursypel nie.



*Nuwe ma-en-dogterspan, Estelle en Kosie van Lingen*



*Christoff Botha*



*Eric Loubser*

Na afhandeling van 'Lief en Leed' is vinnige "Sit-Fit" oefeninge op maat van die Radetzky mars gedoen om die laaste koue uit te dryf. Bingo was die komitee se keuse vir 'n prettige oggend met sjokolade-pryse.



*Nuwelinge Wernher en Marthie Scholz*

Die Julie-verjaardagmaatjies was Christoff Botha, Eric Loubser, Erika Hamman en Martie de Klerk.

Daar is heerlik gesmul aan die geurige hoender-pannekoekgereg, deur "Azani Caterers" berei. Dit is aangevul met 'n beet, spinasie en botterskorsieslaai asook knoffelrolletjies en die ete is met 'n outydse sago-nagereg afgesluit.

# Skattige skootskapie

MêMê is 'n baie spesiale Tierpoortse skapie. Die Casillo-gesin moes haar die aand van haar geboorte wegneem van haar ma, wat nie vir haar kon sorg nie.

Hulle was baie bekommerd oor dié skapie se oorlewing, siende dat sy nie die lewensbelangrike kolostrum-melk van haar ma kon inkry nie. MêMê is met die hand grootgemaak en het sedert daardie eerste nag van haar lewe in die Casillo's se huis gewoon.

Donatella Cassilo vertel dat MêMê 'n behoorlike huis- skapie is wat absoluut weier om iets met die 'buite-skape' te doen te hê. Sy is immers 'n juffie wat op die bed slaap en aan selfone se batterylaaiers en haar mense se klere kou.



*Charmaine Casillo en MêMê kyk mekaar stip in die oë*

*Foto: Donatella Casillo*



mymerkos

# Befaamde huishoudkunde-kenner hou toe nooit self huis nie

***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***

Jeanette Corbet van Duyn, wat later die bekende mevrou HM Slade sou word, was een van die eerste meisies in die land om op die ouderdom van 18 jaar 'n voltydse kantoorwerk te hê. Haar werk is deur generaal Louis Botha, wat toe minister van landbou was, raakgesien en sy is oorsee gestuur om te gaan studeer.

Jeanette is in 1885 op Porterville in die Kaapkolonie as die oudste van agt kinders van 'n Hollandse pa en Engelssprekende ma gebore. Die gesin se enigste inkomste was haar ma se karige salaris as onderwyseres.

Ná die dood van hulle ouers, het die Van Duyn-kinders hulle sonder 'n inkomste in Pretoria bevind en Jeanette, as die oudste, moes dringend 'n werk kry om na die jonger kinders om te sien.

Toe generaal Louis Botha haar raakgesien het, was sy die redakteur van die 'Transvaal Agricultural Journal' se assistent, 'n posisie wat sy sedert 1903 beklee het. Sy het 'n rubriek vir dié joernaal geskryf, gemik op vrouens in die landelike gebied.

Generaal Louis Botha moes eers die parlement oortuig om Jeanette Kanada toe te stuur om by die MacDonald College in Quebec huishoudkunde te gaan studeer. Daar was glo 'n hewige debat hieroor en iemand het gevra hoekom daar so baie geld op dié meisie spandeer moet word. Kan haar ma haar dan nie leer hoe om te kook nie?



*Jeanette C Van Duyn, 'Canning, preserving, pickling and fruit desserts'*
*Bron: archive.org*



*Jeanette by kombuispersoneel in die SAS-eetsalon, Tipe A-22, nr. 158 in 1936*
*Bron: drisa.co.za*

## Toere

Jeanette het van 1909 tot 1911 in Kanada studeer. Terug tuis is sy in 1911 deur die departement van landbou as 'n regeringsdosent en instrukteur in huishoudkunde aangestel. Deel van haar werk was om demonstrasie-toere dwarsoor die land te doen. Dié is in 'n trein, wat deur die regering verskaf is en spesiaal vir demonstrasies ingerig is, gedoen. Daar was 'n volledig toegeruste kombuis en die kant van dié kompartement kon afslaan sodat Jeanette groot skares vrouens in bykans elke dorp van die land kon opvoed.

Dié departement het Jeanette gebruik om voedsel, waarvan daar in 'n betrokke jaar te veel geproduseer is, te bevorder. So was daar in 1929 'n groot oorskot eiers en sy het duisende kilometers afgelê om vrouens te wys hoe om eiers op verskillende maniere voor te berei en het 'n boekie, '100 Novel Ways of cooking eggs and young table birds', gepubliseer.

## Boek

Jeanette het haar 'Household Science Cookery Book', gebaseer op haar destydse rubrieke in die 'Transvaal Agricultural Journal', in 1914 gepubliseer. Die eerste uitgawe van 300 bladsye het ses jaar later na 600 bladsye verdubbel. In 1936 het die sesde uitgawe gesien die lig gesien onder 'n nuwe naam, 'Mrs Slade's South African Cookery Book'. Die boek het tot die laat 1950's onder dié naam verskyn. Tussendeur het Jeanette 'n reeks boeke oor preservering, inmaak, die maak van soetgoed, koeke en ander resepteboeke gepubliseer.



*Demonstrasies uit 'The Household Science Cookery Book' se vyfde uitgawe in 1929*
*Bron: bobshop.co.za*



















*'Mrs Slade's South African Cookery Book', 1948*
*Bron: blankbooks.co.za*



*Braamfontein, Johannesburg, 1936. Jeanette en sjefs van die Suid-Afrikaanse Spoorweë se eetsalon*
*Bron: drisa.co.za*

## Trou

Sy het op 14 Desember 1916 met Herbert Mabin Slade, 'n Engelse prokureur wat sy vrou se produktiewe loopbaan ondersteun het, getrou. Twee dogters is gebore, in 1920 en 1922. Herbert se suster, May Slade, het na hulle dogters omgesien en, ironies genoeg, hulle huishouding behartig omdat Jeanette gereeld op toer was.

Sy het nie net plaaslike opvoedkundige toere gedoen nie, maar het ook oorsee by uitstallings gewerk, soos toe sy in 1924 en 1925 Engeland toe was om Suid-Afrikaanse lemoene by die Britse Rykuitstalling in Londen te bevorder. In die 1930's is daar begin om haar demonstrasies te verfilm.

## Tydskrif

In 1935 het sy die tydskrif, 'Mrs Slade's South African Good Housekeeping', begin en was die redakteur daarvan. Daar was artikels oor kos, resepte, wenke vir kleremaak, gasvryheid, tuisteskepping, die behandeling van kwale en 'n handelsgids.

Jeanette het lesings by vroueorganisasies aangebied, was die organiserende sekretaresse van die Unie Huishoudkundige Wetenskapkongres, 'n lid van die Pretoriase Vroue Koöperatiewe Tuisnywerhede en die Pretoriase Buiteklub. Sy was 'n stigterslid van die Transvaalse Tuisnywerheid-beweging, wat in verbintenis met die Vroue Instituut in Europa en Amerika was.

In die Tweede Wêreldoorlog het sy die rol van kaptein gespeel en die opleiding van sjefs in die Suid-Afrikaanse Weermag behartig.

Jeanette is in 1959 oorlede.



*Foto's van pynappelspons, lemoen-room en perske Charlotte in 'Canning, preserving, pickling and fruit desserts'*
*Bron: archive.org*



*Nog 'n demonstrasie in 'Canning, preserving, pickling and fruit desserts'*
*Bron: archive.org*

## Vye-nagereg

Ons gebruik een van die kort resepies uit haar boek, 'Canning, preserving, pickling and fruit desserts'(1921) vir 'n delikate vyenagereg. Dié is 'n maklike manier om 'n heerlike nagereg binne 'n japtrap saam te slaan.

**Bestanddele**

'n Koppie vol styf geklitste room / een eetlepel strooisuiker / 'n halwe koppie neute / 'n bietjie opgekapte ingelegde vye.

**Metode**


Bedien in lang glase waarin jy vooraf beskuitjies (wat sy 'lady-fingers' noem) of snye sponskoek, geplaas het. Versier met 'n paar versuikerde kersies. Dié nagereg kan binne 'n paar oomblikke gemaak word en moet so koud as moontlik bedien word.




# A major threat to biodiversity

Few people know that South Africa is the country with the third richest plant diversity in the world; the other two being two rain forests (Brazil and Indonesia). This is highly significant, given the fact that it is a water-stressed country. South Africa has many different biomes and vegetation types and unique plants species, which can be found nowhere else on earth.

***The Bronberger***'s distribution area is home to a rich plant diversity which can still be found in nature reserves in and around Pretoria, such as the Faerie Glen Nature Reserve (part of the Bronberg mountain bushveld critically endangered ecosystem), Moreletakloof Nature Reserve, Groenkloof Nature Reserve, Rietvlei Nature Reserve, Wonderboom Nature Reserve (part of protected Magalies mountain range) and many other natural areas including conservancies and private nature reserves.



*Argemone ochroleuca (white-flowered Mexican poppy / witblom bloudissel)*
*Photo: Petro Lemmer*



*Dolichandra unguis-cati (cat's claw creeper / katteklouranker)*
*Photo: Louise Kritzinger*

Alien invasive plant species, of which more than 350 species are known to occur in Gauteng alone, are the biggest threats to these natural areas and garden escapees are the biggest culprits. In their native countries these plants are naturally controlled by insects, fungi and other biological agents to prevent them taking over their natural habitat. But, in other countries these natural control agents do not occur and the exotic plants are free to grow wherever they find suitable habitat.

More than half of all alien and invasive plant species listed in South Africa found its way into the country by means of the horticultural industry, such as ornamental garden and pot plants. Homeowners, gardeners and plant collectors can make a big difference by ensuring their gardens are free from these alien invasive plant species and in so doing also prevent their property value decreasing.

Many pretty weeds along the roadsides, such as Mexican thistle, Thorn apple (malpitte), Smelter's bush and Four o'clock, all started their abode in our country as colourful garden ornamentals. Some pretty climbing plants, infesting suburbs and nature areas, were likewise introduced.



*Mirabilis jalapa (four-o'clock / vieruurtjie)*
*Photo: Petro Lemmer*



*Datura stramonium (common thorn apple / gewone stinkblaar)*
*Photo: Louise Kritzinger*

Plant collectors and home gardeners are inadvertently guilty of allowing their plants to escape, particularly fruit-bearing plants such as cactus (most cactus species are alien invaders), mulberry, guava, prickly pear, where birds have access to the fruit of the plants. Other ornamental creepers, such as cat's claw, disperse their feather-light seeds into the wind once the pods open.

This is the first of a series of articles on alien and invasive plants in the Bronberg area to inform and educate landowners of the different alien invasive plants, their impact and the law compelling all land owners to take action against them.

Visit www.invasives.org.za for more information on alien and invasive plant and animal species.

***This article was sponsored by the Friends of the Faerie Glen Nature Reserve.***


**REFRACT ALTERNATIEWE GESONDHEID IN KLEINFONTEIN EN PRETORIA-OOS**




**Alternatiewe Geneeskunde**
- BIO – RESONANSIE FREKWENSIE TEGNOLOGIE
- SKANDERING VAN U HELE LIGGAAM
- DIE MEES GEVORDERDE TEGNOLOGIE EN TOERUSTING
- TEGNOLOGIE WAT DIE OORSAAK VAN U KWAAL ONTDEK
- HERAKTIVEER JOU HELE LIGGAAM
- ONTDEK DIE GAWE VAN OPTIMALE GESONDHEID

**Medikasie bestaan uit natuurlike organiese kruie**
- AL ONS MEDIKASIE IS NATUURLIK EN CHEMIKALIË VRY
- AL ONS MEDIKASIE WORD SELF VERVAARDIG – ORGANIES
- AL ONS MEDIKASIE WORD MET DIE KRUI SE SPESIFIKE FREKWENSIE GELAAI VIR OPTIMALE MEDISINALE RESULTATE
- ONS MEDIKASIE WORD INDIVIDU SPESIFIEK VIR U KWAAL EN KOMPOSISIE VERVAARDIG

**Kostes**
- EERSTE KONSULTASIE SLUIT SKANDERING, BEHANDELING EN GESONDHEIDS ADVIES IN R 750.00
- MEDISYNE KOS R 200.00 PER BOTTEL

**Behandeling**
- EERSTE KONSULTASIE – SKANDERING VAN U HELE LIGGAAM – ALLE ORGANE, SELLE, BLOED, SPIERE EN SKELET – SLUIT IN BEHANDELING VAN DIE SIMPTOME EN OORSAAK VAN DIE KWAAL
- BEHANDEL ENIGE MEDIESE KONDISIE
- AKUUT OF CHRONIES
- AFSTAND BEHANDELING OP DNA - NA EERSTE KONSULTASIE

**Produkte**
- SIEN ONS WEBBLAD VIR PRODUK INLIGTING - www.refract.web.za

**Praktisyns**
- **MICHAEL LOMBARD** – NATUURLIKE GENEESHEER – GEREGISTREER BY DIE AFRICAN NATURAL MEDICINE ASSOCIATION (ANMA)
- **STEVE DICKINSON** – APTEKER (B-PHARM) – GEREGISTREER BY DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSRAAD (SAPC)
- **CLAUDIA LOMBARD** – GESONDHEIDS- EN LEWENSAFRIGTER GEKWALIFISEERDE GRAAD SUSTER (B - CUR) EN NATUROPAAT – GEREGISTREER BY DIE SUID AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD (SANC)

KONTAK ONS VIR 'N AFSPRAAK EN/OF LOS 'N BOODSKAP
CELL 062 046 2989
EMAIL refract@web.za
WEB www.refract.web.za






# Deur die lens van ons lesers

**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**



*Die sagte linte van rokerige vure in die aandlug*
*Foto: Dewald Visser*



*'n Tierpoortse wintertoneel met 'n perd genaamd Angel*
*Foto: Donatella Casillo*



*Die geelbekneushoringvoël het nuuskierig nader aan Derek Bekker se kameralens beweeg*



*Dorstige sebras in die Dinokeng-wildreservaat*
*Foto: Ronell van der Merwe*



*Antoinette Basson het dié besondere veertjie-wolke bewonder*



*So word nog 'n dag afgesluit*
*Foto: Emma Koekemoer*




*'n Trop buffels in die wintersonnetjie by Rietvlei-natuurreservaat Foto: Hermann Grobler*



*Die son kom oor Kleinfontein op*
*Foto: Ria N Pieterse*



*Hermann Grobler van Rayton het dié geelbekeend by die Austen Roberts-voëlpark raakgeloop*



*Eus de Clerk het dié swaan by 'n plantkwekery in Pretoria gesien*



*Luanay Laubscher het dié toneel verewig*



*Sonsondergang op die plaas Onbekend te Welbekend*
*Foto: Ronell van der Merwe*



*Twee Njalabulle in die Bronberg-bewarea*
*Foto: Duncan Gooch*



*'n Dikbekwewer soos gesien deur die lens van Albert Bester*



*Die laaste bietjie lig vir die dag op Rayton*
*Foto: Ineke Venter*


**CULLINAN ENGINEERING**
**Vehicle head skimming**, All engineering, welding, inserts, sand blasting, rethreading, milling, aluminium welding, bearing press, farming implements fabrication and repairs, lathe work, pipe cutting, fabrication of steel work, flywheel skimming, hub skimming, cut keyways, toolmaking-Fabrication and repair of tools, jigs and fixtures.
Unit 3B Ko-op Centre, R515 Cullinan 078 084 8592

**Spring Cleaning SA** NOW OPEN
• NO LOAD SHEDDING ISSUES •
• Laundry •
• Cleaning carpets •
072 513 2554
Unit 7 Ko-op Centre, Cullinan – Next to Afgri

# The importance of being earnest

**Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.**

One of the vital parts of managing a sick patient is the history and for this we rely on the owner. If this history is incomplete or deliberately has bits missing or altered, it gives us a very shaky foundation from which to start with.

Often the patchy history is due to a client being stressed and upset. In emergencies this cannot be helped, but when you are visiting the vet for a more chronic or milder problem it would be a good idea to sit quietly and make some notes before you arrive.

Having said this, a detailed list of 10 pages, including every single pellet consumed and bowel movement made, can also make our hearts sink into our shoes. Consultation times are limited and we need to be able to get to the heart of the problem. So, think carefully and be practical with what you include. Sometime in difficult cases the answer is often in the long-winded information, but to start with, keep it concise.

Another problem we see is that clients may feel guilty for maybe waiting too long before making an appointment or not finishing a course of medication or not following instructions properly. It is important that you be honest with your vet. Covering up details like this will affect how we interpret the ongoing clinical signs.

A classic misinterpretation I see when training the students is the answer to the question: "So, did Fluffy get better on the previous course of medication?" An answer of: "No, the previous meds didn't work," can have two meanings, which make a huge difference in how we carry on with the workup on Fluffy. "Yes, the symptoms got better while Fluffy was on the meds, but came back as soon as we stopped." Or: "No, even while Fluffy was on the meds there was no improvement in the symptoms." The devil is in the detail. In the first answer, the meds actually do work, but not long term. That will make the vet think of a certain group of diseases which would respond to that medication. In the second scenario, the meds didn't work and the vet needs to consider other options. So, be exact with your answer.

If you didn't make the changes or finished the meds, rather be open about it. Otherwise the vet is working on misinformation and that means the whole foundation of the diagnostic workup is wobbly.



As we vets gain experience over time we can see when a client is avoiding an issue and not being totally honest with us. Clients also often get offended with us when we broach this aspect. You cannot expect us to help your pet if you are not being totally open and honest.

Remember, your pet cannot talk – although often their weight will tell us you are feeding more than you admit to – they cannot give us an accurate history.

This also applies to your expectations, your financial capacity and your beliefs on quality of life.

An open conversation on all of these aspects and more, from the beginning of a consultation or a diagnostic or treatment process, will help you and your pet and empower your vet to help the best he or she can.





Battered but not Beaten

Pets Pantry downsized to a single unit during May. This will significantly reduce our overheads and allow us to work on improving our stock levels from June onwards.

Dr Liesel, Liesel and Hans would like to thank all our loyal customers who supported us during these trying and obviously frustrating last few months.

MOOIKLOOF VILLAGE
CNR GARSFONTEIN RD & JOLLIFY MAIN
012 996 3369

Trading hours:
*Weekdays:* 8:30am - 6pm
*Saturday:* 9am - 3pm
*Sundays & public holidays:* 9am - 2pm

Meenthuis te huur op Druiweplaas
- ZWAVELPOORT-SUID -
180m², 2 groot slaapkamers, 2 badkamers
1 en-suite met aantrekkamer, 70m² oopplan kombuis, Eet- en sitkamer, Buite braai, Onderdak toesluit vir 2 voertuie. Toegang tot swembad, muurbal, tennis, groot grasperke en visvang.
R11 200/maand. Elek gemeet. Deposito.
Foto's op aanvraag
hendrik@druiweplaas.co.za
WhatsApp: Hendrik 082 324 5596 of Ria 082 324 5614

ARABESQUE STUD
Invest in the best quarter horses: proven pedigrees, performance & progeny
https://www.youtube.com/watch?v=sWPk865FZcE
Contact details: 082 359 3133
Arabesque.qh.stud@gmail.com / www.arabesquestud.weebly.com

GD GRANITE CC
GRAFSTENE/TOMBSTONES
Vervaardigers van hoë kwaliteit grafstene
012 802 0087 / doricia@gdgranite.co.za
- Koop direk van die fabriek
- Volledige diens: vanaf kwotasies, bewoording en oprigting
- Rig orals in Gauteng en omliggende dele op
- Onbeperkte letters op grafsteen
DONKERHOEK QUARRIES, PTA-005 (12km vanaf Hans Strijdom op ou Bronkhorstspruitpad)

Wendy house special from treated pallet wood
3m x 3m R6 500 • 3m x 4m R7 500
Big or small, we do them all!
Marius 073 133 1452
Jan 078 296 2899

ORYX
• DIGGING TRENCHES • DIGGING POOLS
• DIGGING FOUNDATIONS
• LANDSCAPING WORK
• FITS IN SMALL SPACES
• TRUCK RENTAL
Mini excavator rental
Jacques 079 458 4485 / oryxrevamp@gmail.com









# 'n Brief uit die Bronberg



Beste neef Gielie

Ek skryf maar dié brief om vir jou te vertel hoe dit hier in die Bronberg gaan want bel kan ek nie bel nie. Die telefoonlyne is nou al hoe lank dood en dit lyk my die ou wat dit moet regmaak ook. Ek weet nie hoe kan die spul hulleself nog Telkom noem nie, want kom, is die laaste ding wat hulle doen. Tensy hulle dit dalk op 'n ander plek op 'n ander manier doen.

Ons het mos goeie reëns in dié geweste gehad en ons is bly en dankbaar daaroor. Die ding is net dat ons paaie nie deur ons stadsraad reggemaak word nie. Lyk my niks word deur hulle reggemaak nie en dit wat nog reg was, word eerder deur hulle verkeerd gemaak.

## Skeel Salie

Ou skeel Salie Swanevelder van Zwavelpoort het eergister te laat uitgeswaai vir 'n nuwe gat in die gatpad en hulle soek ou Salie, sy bakkie en sy foksterriër nou nog. Neef, dit lyk mos vir my of die hele wêreld deesdae onderstebo is. Selfs die weer hier in die Bronberg is nie meer soos jy hom geken het nie. Die wind het anderdag so kwaai opgekom dat die rooi hennetjie dieselfde eier drie keer gelê het.

Hulle het by neef Soois ingebreek en alles wat binne in die huis was weggedra. Wel, nie heeltemal alles nie. Neef Soois sê hulle het ongelukkig sy ou skoonma se portret teen die muur gelos. Dit was presies 24 dae gelede. Die polisie het vanoggend laat weet hulle behoort teen volgende week daar te wees om vingerafdrukke te vat.

## Bekruip

Jy sal nie die wêreld ken as jy hom weer moet sien nie. Die dorp het ons begin bekruip en toe ons weer sien sit hy wragtig hier onder ons neuse. Die ding werk só: Eers koop hulle 'n mooi lap aarde en bou byna oornag 'n helse muur daarom. Dan maak hulle die grensdraad bo-op die muur staan en plug hom in. Nou moet jy weet, neef Gielie, dit is nie net die veld se diere wat nie herwaarts of derwaarts 'n heenkome het nie, maar selfs die voëls is gesnoeker en moet met 'n moerse skok agterkom 'n grensdraad is nie meer sitplek nie.

Ewenwel, dan kom 'n vloot geel masjiene en 'n armie verbode immigrante aan en skop 'n ondraaglike klomp lawaai en stof binne daai mure op – dag in en dag uit. En snags raas en fuif dit en betree en besteel dit – die immigrante bedoel ek, nie die masjiene nie.

## Beteer

Alles word omgedolwe en platgevee en beteer en gebeton tot daar van die natuur geen teken meer is nie. Dan stoot hulle 'n damwalletjie in die droëloop, pomp die dam vol met boorgatwater, sodat ons boorgate almal loop staan, en bou die plek vol skakelhuisies. Hulle noem die plek dan "Sparkling Waters Country Valley Nature Estate" of iets dergeliks en verkoop die skakelhuisies vir 'n waenhuis vol geld.

Hulle sê dis ontwikkeling, neef.

Jy sal jou ouers se opstal ook nie meer ken as jy eendag sou besluit om 'n slag te kom kuier nie. Jou ma en pa het getrek.

Groetnis,
Jou neef Poon
***Gerhard Kleijn, April 2006***


TOWN AND REGIONAL PLANNERS
WE SPECIALIZE IN THE FOLLOWING SERVICES:
- Subdivision of farm portions
- Registration of Servitudes
- Township applications
- Second dwelling units
- Building plan advice
- Removal of Restrictive Conditions in
- Rezonings for land use rights
- Building line relaxations
- Erf subdivision and consolidations
GET YOUR PROPERTY IN ORDER
Carlien Potgieter
Tel: 082 338 1551 / 087 808 7925 E-mail: info@teropo.co.za
TEROPO



# Fear of people's opinions




When you hear the word 'resilience', what comes up for you, girlfriend? Recovering from setbacks? Adapting to radical change? Bouncing back from misfortune?

What if the key to resilience lies not just within ourselves but in the connections we cultivate with others? According to dr Sue Morter, research suggests that sharing positive experiences and nurturing social connections can significantly enhance our capacity for resilient thinking. She says that knowing we have a community that cares about us and celebrates our successes fosters a sense of belonging and security, which is essential for resilience.

But, doesn't this also explain why we pay so much unhealthy attention to other people's opinions? Being kicked out of the tribe carries primal fears of dying alone out in the wilderness. The ancient part of your brain keeps telling you that safety equals belonging. And to belong, you have to fit in.

Dr Michael Gervais, a psychologist and author of 'The first rule of mastery: Stop worrying about what people think of you', calls it FOPO – fear of people's opinions – and says that it has become an irrational and unproductive obsession.

"If you start paying less and less attention to what makes you *you* – your talents, beliefs, and values – and start conforming to what others may or may not think, you'll harm your potential. You'll start playing it safe because you're afraid of what will happen on the other side of the critique. You'll fear being ridiculed or rejected," Michael says.

This goes for dressing to fit in rather than expressing who you are. We do this on all levels of life, from the cars we drive, the houses we live in, the relationships we have and the careers we choose.

That's why we need a wake-up call: When we give more value to other people's opinions than our own, we live life on their terms, not ours.

Michael works with a lot of high-performance athletes and he explains the dangers of a performance-based identity: I am what I do and how well I do it, relative to you; relative to your expectations. He teaches athletes how to shut out the noise and opinions of fans and media and listen to their own internal compass. The key is to redirect your attention from the world outside to the world inside.

If you really want to conquer FOPO, you'll need to cultivate more self-awareness. "Most of us go through life with a general sense of who we are, and, in a lot of circumstances, that's enough. We get by. But if you want to be your best while being less fearful of people's opinions, you need to develop a stronger and much deeper sense of who you are," Michael says.

You can start by developing a personal philosophy – a word or phrase that expresses your basic beliefs and values. It will help you to make sure that everything you say or do is an expression of who you truly are.

In a conversation with Kelly Noonan Gores on the 'Heal with Kelly' podcast, Michael says that the principle, 'through relationships we become', is true, but you should first be in relationship with yourself and only then with others. This begins with a fundamental decision: I matter. I'm going to back myself.

Backing yourself is the way you speak to yourself. Instead of judging yourself, start with being curious: "Hmm, I wonder where that thought came from?" without criticizing the thought. Just show curiosity.

Michael says that you can think of your thoughts landing in two buckets. Bucket one receives thoughts that give you a feeling of constriction. Bucket two is for thoughts that create space inside you. When you become aware of the way you speak to yourself, you'll start sliding more thoughts over to the second bucket.

You will no longer be looking for others to take care of you because you'll be making a commitment to care for yourself. It also means you'll be strong enough to be vulnerable in front of others, to risk making a fool of yourself.

Yes, 'through relationships we become', but Michael says the mistake is to think that life is good when other people love you. The truth, girlfriend, is quite the opposite: Life is good when you have people to love. It's never about how you are loved; always about how *you* love.






# KRUIE

Progast

VERWYDER ONGEWENSTE FEKALE OPHOPING!

## ONGEREELDE HARDLYWIGHEID

## KOLONREINIGING

### ERVAAR VERLIGTING BINNE 6-12 URE




**WWW.TARA.ORG.ZA**

**S0:** Hierdie produk is 'n Komplementêre Medisyne (Kategorie D33.7); en word volgens sy dissipline as 'n kombinasieproduk geïdentifiseer. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie. Verwys asseblief na die voubiljet.